Fingerhuthia africana

Volksnaam: Vingerhoedgras, borseltjiegras, kalkgras, klossiegras, haargras

Familie: Poaceae

Habitat: Wydverspreid en algemeen op kalksteen en gruis gronde.



Kaart gebaseer op PRECIS data vanaf http://sibis.sanbi.org/

Plant beskrywing: Grysgroen gras met harde blare, 4-6 mm wyd.Bereik volwassenheid in eerste jaar.

Smaaklikheid: ★★★ matig

Saad beskrywing: Tot 200 sade vorm in 'n harige, vingerhoedvormige blomhofie. Elke saadjie word omsluit in 'n plat aartjie.

Lewensvatbare saad per kg: 273680

Wanneer en hoe om te plant: lente – herfs. Maak die grond grof met 'n graaf of implement. Meng die saad met gelyke hoeveelhede kaf of saagsels. Om gelyke verspreiding te bekom, deel die voorgeneemde saai-area in kwart-hektaar blokke (100 m x 25 m of 50 m x 50 m) op en saai 1 kg saad (of 2 kg saad-kaf mengsel) per kwart-hektaar blok. Rol of vertrap die gesaaide gebied om die sade in die grond te druk, of hark die gesaaide gebied met 'n hark of doringtak. Bedek die hele gesaaide gebied met doringtakke om die saaieling teen beweiding deur vee en wild te beskerm.



Skaal: 1cm



Skaal: 1 decimeter

Die foto hieronder wys die vestiging van *Fingerhuthia africana* op 'n myngebied tussen Hopetown en Douglas, Noord-Kaap, 6 maande nadat saad gesaai is tydens November 2008.

Verwysings

PRECIS data oor suider Afrika se plant verspreiding en taksonomie. http://sibis.sanbi.org/faces/SearchSpecies

Renu-Karoo ongepubliseerde data

Van Oudtshoorn, F., 2006. Guide to grasses of Southern Africa. Briza Publications. Pretoria.